

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOIEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

02.08

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:

Algoa

Titel van Projek:

VBO: Islam as Uitdaging

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteier
Naam:	Carl Crouse
Posadres:	Burtrylaan 67, Cotswold, 6045
E-pos:	johncp63@gmail.com
Faks:	
Tel. (k):	
Tel (h):	0413655258
Selfoon:	0834637462

--	--

Handtekening Projekvoorsteller

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van _____, dat hierdie projek op _____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

--	--

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

In die lig van die bespreking en besluit oor Islam by die pas afgelope Sinodesitting is dit krities belangrik dat die kerk in die Oos Kaap kennis moet neem van die uitdaging wat Islam hier plaaslik en in Afrika bied. Hierdie projek behels die aanbied van 'n VBO oor Islam met die predikante van die Oos Kaap as hoof teikengroep.

Emad Sami (Direkteur: Veritas, Egipte) sal in Mei 2013 'n besoek namens Veritas in Port Elizabeth aflê en is beskikbaar as spreker. Mike Burnard van InContext Ministries sal genooi word as kundige spreker. Hy was vir baie jare betrokke by Geopende Deure (nasionaal en internasionaal) en het 'n besondere verstaan van globale bewegings en Islam in die besonder. Ons oordeel verder dat hy 'n spreker is wat met gesag en impak tot predikante sal kan spreek.

Die program sal so gereël word dat daar insette gelewer sal word deur Kamil Kiroglu (Moslem bekeerling van Turkye wat tans in SA werk om kerk te mobiliseer en te reageer op Islam) en Alastair Jolley (meer as 20 jaar ervaring van Moslem bediening deur SIM in Oos Kaap). 'n Bustoer deur die Moslem woongebied met 'n besoek aan 'n moskee sal ook gereël word om praktiese blootstelling vir die kursusgangers te bied.

Daar sal by die VBO geleentheid begin word om te werk aan 'n gesamentlike strategie om uitvoering te gee aan die betrokke sinodebesluit.

'n Voorlopige datum is 28-30 Mei 2013. Daar word gepoog om 30 persone te betrek.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die teikengroep is die NGK predikante van die Oos Kaap, maar sal ook oop wees vir ander gemeente leiers asook persone uit ander kerkverbande.

Dit is noodsaaklik dat ons as kerk ingelig moet wees oor Islam, bewus moet wees van die groei van Islam hier plaaslik en in Afrika en te verstaan hoe ons toepaslik moet reageer op die bedreiging wat dit bied. Kennis moet veral geneem word van wat besig is om rondom Islam in die platteland van ons sinodale streek te ontwikkel.

Die oproep om missionaal betrokke te wees is natuurlik wyer as net 'n fokus op Islam en daar sal gepoog word om hierdeur die breër gestalte van die missionale karakter van gemeentes verder te stimuleer.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Bevestig datum	Okt 2012
Bevestig sprekers en bespreek vlug, bespreek lokaal	Nov 2012
Bepaal program	Nov 2012
Advertensie en Uitnodigings	Jan 2013
Spesifieke reëlins: getalle, etes, moskee besoek, bustoer.	Maart 2013 - Mei 2013

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Carl Crouse	NG Gemeente Grasvoëlkop
Heinrich Alberts	NG Gemeente Hoogland
Suzette Cilliers	NG Gemeente Hoogland
Alastair Jolley	SIM

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
NvT	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

NvT

8.4 BEGROTING**8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne**

Besik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Inskrywings @ R500 per persoon x 30	15 000
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste (Mike Burnhard)	R3 000
• Etes en tee @R75 per persoon per dag	R6 750
• Bus huur	R2 000
• Honorarium: Mike	R1 500
• Honorarium: Emad	R1 000
• Honorarium: Alastair	R 500
• Honorarium: Kamil	R 500
BEURSE vir leraars wat nie deur kerkraad/Ring befonds word en finansiële swaar kry	R6250
TOTAAL:	R21 500

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 7.5.2 hierbo):	R21 500
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (7.5.1 hierbo):	R15 000
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R6 500

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Maart 2013	R6 500

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Skriba - Algoa Ring

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.